

13 Augustus

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-14

Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:7

Alles wat gebeur is, is deel van die plan van God

Die Here gee nie alleen die rede waarom ons geskiedenis moet bestudeer nie, maar Hy skryf ook die manier en die inhoud daarvan voor. Geskiedenis vertel hoe God tussen die nasies werksaam is. Voorgeslagte toon aan hoe God nasies hulle besittings gegee het, mense in volke opgedeel het en grense vir elkeen bepaal het. God was in beheer van dit wat in die verlede gebeur het en Hy sorg vir sy kinders. Alles wat in die verlede gebeur het, is deel van die uitgewerkte plan waar God in beheer staan tot voordeel en sorg van sy kinders.

Mense moet onthou dat God almagtig is en dat alles gebeur soos wat God dit vooraf beveel het. Daar is géén rede daarvoor om trots te wees op dit wat hulle self bereik het nie, want alles is onder beheer van God self.

Ons as gelowiges moet ook aan ons verlede dink en onthou wat die Here in die lewens van ons voorgeslagte gedoen het. Ons kinders moet hulle ouers daarna vra. En ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders te vertel van God se daade in die verlede en hulle vrae daaroor te antwoord. Ouers en kinders moet in só 'n verhouding met mekaar staan dat vrae en antwoorde aangemoedig word. En die ouers is verantwoordelik om die geskiedenis so goed te ken dat hulle aan hulle kinders kán vertel wat in die verlede gebeur het. Die kinders kan ook die oumense of die ouderlinge daaroor vra. En hulle kan alles verduidelik, want die kinders is nie meer in staat om dit alles te ervaar nie.

Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)